

**Titel: Die Muntstuk**  
**Pastor: Lucille May**  
**Datum: 14 Maart 2010**  
**Tyd: 17:00**




### **Esegiël 16:6-8**

<sup>6</sup> En Ek het by jou verbygegaan en jou sien spartel in jou bloed; toe het Ek vir jou gesê in jou bloed: Leef! Ja, Ek het vir jou gesê in jou bloed: Leef! ...En jy het gegroei en groot geword en die hoogste bloei bereik... maar jy was naak en bloot. <sup>8</sup> En Ek het by jou verbygegaan en jou gesien, en kyk, jou tyd was die tyd van liefde. Toe het Ek my vleuel oor jou uitgesprei en jou naaktheid toegedek...

### **Mattheus 7:1**

<sup>1</sup> Moenie oordeel nie, sodat oor julle nie geoordeel word nie.



**Resene Find-A-Colour**

Die Vader:	trek aan
Jesus:	red en oordeel
Heilige Gees:	oortuig
Duiwel:	beskuldig

### **Romeine 13:8**

<sup>8</sup> Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê. Wie sy medemens liefhet, voer die hele wet van God uit.

Ou Testament – LAM  
Nuwe Testament – BRUIDEGOM

### **Efesiërs 1:4**

<sup>4</sup> soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees,

Heilig en sonder gebrek = liefde

### **MUNTSTUK = LIEFDE:**

Goedheid en strengheid (Romeine 11:22)  
Reg en geregtigheid (Psalm 97:2)  
Troos en dissipline

### **I Korinthiërs 5:11-13 NV**

<sup>11</sup> Wat ek geskryf het, was dat julle nie moet omgaan met iemand wat homself 'n gelowige noem, maar wat onsedelik of geldgierig of 'n afgodsdienaar of kwaadprater of dronkaard of bedrieër is nie. Met so iemand moet julle nie eens saam eet nie. <sup>12-13</sup> Per slot van rekening is dit nie vir my om oor mense buite die gemeente te oordeel nie. God sal oor hulle oordeel. Maar julle moet oor julle eie mense oordeel: "Verwyder die slegte mens onder julle uit!"

## II Timotheus 2:19

<sup>19</sup> Nogtans, die hegte fondament wat God gelê het, staan vas met dié woorde daarop gegraveer: "Die Here ken dié wat aan Hom behoort," en: "Elkeen wat sê dat hy aan die Here behoort, moet wegbreek van die ongeregtigheid."

## SONDE = LIEFDELOOSHEID IN AKSIE

### SKYNHEILIGHEID:

## II Timotheus 3:1-5 OV

<sup>1</sup> Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. <sup>2</sup> Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpratens, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, <sup>3</sup> sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, <sup>4</sup> verraiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; <sup>5</sup> mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloor het. Keer jou ook van hierdie mense af.

## Mattheus 10:14

<sup>14</sup> As iemand julle nie ontvang nie, en nie na julle woorde luister nie, gaan uit sy huis of uit daardie dorp uit en skud die stof van hulle voete af.

## Efesiërs 4:15

<sup>15</sup> ... in liefde die waarheid betrag ...

## II Timotheus 2:24-26

<sup>24</sup> en 'n diensknecht van die Here moet nie twis nie, maar vriendelik wees teenoor almal, bekwaam om te onderrig en een wat kwaad kan verdra. <sup>25</sup> Hy moet die weerspanniges in sagmoedigheid tereg wys, of God hulle nie miskien bekering sal gee tot die kennis van die waarheid nie, <sup>26</sup> en hulle weer nugter kan word, vry van die strik van die duiwel, nadat hulle deur hom gevang was om sy wil te doen.

**HEERLIKHEID** = die oortreffende uitnemendheid van God se liefde, Sy wysheid (onderskeidingsvermoë) en Sy krag

### ONDERSKEIDINGSVERMOË:

## Handelinge 13:9-10

<sup>9</sup> Maar Saulus, dit is Paulus, vol van die Heilige Gees, het hom skerp aangekyk <sup>10</sup> en gesê: "Duiwelskind! Deurtrapte skelm en bedrieër! Vyand van alles wat reg is! Sal jy ophou om in die pad van die Here te staan!"

## Handelinge 3:4-6

<sup>4</sup> En Petrus saam met Johannes het hom stip aangekyk en gesê: Kyk na ons. <sup>5</sup> En hy het sy oë op hulle gehou in die verwagting dat hy iets van hulle sou ontvang. <sup>6</sup> Maar Petrus sê: Silwer en goud het ek nie; maar wat ek het, dit gee ek vir jou: In die Naam van Jesus Christus, die Nasaréner, staan op en loop!